Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB
ABROAD 30c BUITELANDS
POST FREE · POSVRY

VOL. 168] CAPE TOWN, 22 JUNE 1979 [No. 6518
KAAPSTAD, 22 JUNIE 1979

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1325. 22 June 1979.

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 75 of 1979: Temporary Employees Pension Fund Act, 1979.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1325. 22 Junie 1979.

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 75 van 1979: Wet op die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers, 1979.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

ACT

To provide for the payment of pensions and other financial benefits to certain temporary employees and their dependants; and to provide for matters connected therewith.

(Afrikaans text signed by the Acting State President.)
(Assented to 13 June 1979.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "annuity" means an amount which is payable each year; (v)

(ii) "benefit" means an amount of money; (xix)

(iii) "dormant member" means a dormant member as defined in regulation 1 of the regulations promulgated by Government Notice No. R.652 of 25 April 1969; (xv)

(iv) "fixed date" means the date of commencement of this Act; (xviii)

(v) "Government" means the Government of the Republic and includes a provincial administration; (xiii)

(vi) "Government Employees' Provident Fund" means the fund referred to in section 2 (3) of the Government Service Pension Act, 1965 (Act No. 62 of 1965); (xii)

(vii) "Government Non-White Employees' Pension Fund" means the pension fund established in terms of section 2 (2) of the Government non-White Employees Pension Act, 1966 (Act No. 42 of 1966); (viii)

(viii) "member", in relation to the Fund, means a person referred to in section 5 and includes such a person who is absent with or without leave or has been suspended from duty and who immediately before such absence or suspension was contributing to the Fund; (vi)

(ix) "Minister" means the Minister of Social Welfare and Pensions; (vii)

(x) "pensionable emoluments" means that part of the remuneration and allowances of a member prescribed as pensionable; (x)

(xi) "pensionable service", in relation to a member, means any period of service as defined in the regulations and includes any period which in terms of the regulations is reckoned as pensionable service of that member; (ix)

(xii) "pensioner" means any person who receives an annuity under this Act; (xi)

(xiii) "prescribe" means prescribe by regulation; (xx)

(xiv) "previous fund" means the Government Non-White Employees' Pension Fund or the Government Employees' Provident Fund; (xxi)

(xv) "regulation" means any regulation made under this Act; (xiv)

(xvi) "repealed Act" means an Act referred to in section 9; (ii)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WET OP DIE PENSIOENFONDS VIR TYDELIKE WERKNEMERS, 1979. **Wet No. 75, 1979**

WET

Om voorsiening te maak vir die betaling van pensioene en ander geldelike voordele aan sekere tydelike werknemers en hulle afhanklikes; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 13 Junie 1979.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) „die Fonds" die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers by artikel 3 ingestel; (xix)

(ii) „herroepe Wet" 'n Wet in artikel 9 vermeld; (xvi)

(iii) „hierdie Wet" ook 'n regulasie; (xx)

(iv) „inkomste", met betrekking tot persone—

(a) wat in diens is by of uitgetree het of ontslaan of afgedank is uit die diens van—

(i) die Regering, behoudens subparagraaf (iii), die Staatsinkomstefonds;

(ii) die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, die Poskantoorfonds;

(iii) 'n provinsiale administrasie, die betrokke provinsiale inkomstefonds;

(b) wat in die diens van 'n ander organisasie of liggaam is, of uit sodanige diens uitgetree het of ontslaan is, die geld of inkomste van daardie organisasie of liggaam; (xvii)

(v) „jaargeld" 'n bedrag wat elke jaar betaalbaar is; (i)

(vi) „lid", met betrekking tot die Fonds, iemand in artikel 5 bedoel en ook so iemand wat met of sonder toestemming afwesig is of uit sy diens geskors is en wat onmiddellik voor sodanige afwesigheid of skorsing tot die Fonds bygedra het; (viii)

(vii) „Minister" die Minister van Volkswelsyn en Pensioene; (ix)

(viii) „Pensioenfonds vir Nie-Blanke Regeringswerknemers" die pensioenfonds ingestel ingevolge artikel 2 (2) van die Wet op Pensioene vir Nie-blanke Regeringswerknemers, 1966 (Wet No. 42 van 1966); (vii)

(ix) „pensioengewende diens", met betrekking tot 'n lid, 'n tydperk van diens soos in die regulasies omskryf en ook 'n tydperk wat ingevolge die regulasies as pensioengewende diens van daardie lid gereken word; (xi)

(x) „pensioengewende verdienste" daardie gedeelte van 'n lid se besoldiging en toelae as pensioengewend voorgeskryf; (x)

(xi) „pensioentrekker" iemand wat 'n jaargeld kragtens hierdie Wet ontvang; (xii)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(xvii) "revenue", in relation to persons—

(a) who are in the employment of or have retired or have been discharged from the service of—

(i) the Government, means, subject to subparagraph (iii), the State Revenue Fund;

(ii) the Department of Posts and Telecommunications, means the Post Office Fund;

(iii) a provincial administration, means the provincial revenue fund concerned;

(b) who are in the service of any other organization or body, or have retired or have been discharged from such service, means the moneys or revenue of such organization or body; (iv)

(xviii) "Secretary" means the Secretary for Social Welfare and Pensions; (xvi)

(xix) "the Fund" means the Temporary Employees Pension Fund established by section 3; (i)

(xx) "this Act" includes any regulation; (iii)

(xxi) "Treasury" means the Minister of Finance or any officer in the Department of Finance acting under his authority; (xvii)

(xxii) "widow's pension" means an annuity payable to a widow under this Act. (xxii)

Termination of previous funds, and transfer of assets, rights and duties.

2. As from the fixed date—

(a) every previous fund shall cease to exist;

(b) the Fund shall be credited with all amounts with which a previous fund was credited immediately before the said date;

(c) all rights and duties, existing as well as accruing, of a previous fund shall become the rights and duties of the Fund;

(d) any reference in any law to a previous fund shall be construed as a reference to the Fund.

Establishment of Fund.

3. (1) There shall be established as from the fixed date a fund to be called the Temporary Employees Pension Fund.

(2) The Fund shall consist of—

(a) the amounts vested in the Fund in terms of section 2 or paid to the Fund by virtue of that section;

(b) the amounts paid to the Fund by members in terms of the regulations;

(c) the amounts paid to the Fund from revenue;

(d) any other amounts which are to be credited to the Fund from time to time.

Continuation and consolidation of certain benefits.

4. (1) If any person was immediately prior to the fixed date in receipt of an annuity which was payable in terms of a repealed Act from a previous fund or from revenue or partly from a previous fund and partly from revenue, and any allowance or bonus which was payable in terms of section 8 of the General Pensions Act, 1979 (Act No. 29 of 1979), such annuity, allowance and bonus shall, subject to the provisions of this Act, as from the fixed date, be consolidated into one amount and such consolidated amount shall as from the fixed date be paid to such person from and as a charge to the Fund, in lieu of such annuity, allowance and bonus, as an annuity (in this section referred to as a consolidated annuity).

(2) On the death of a pensioner to whom a consolidated annuity is payable there shall be paid to his widow a widow's pension as prescribed.

Membership of Fund.

5. (1) Any person who was a member of a previous fund immediately before the fixed date or was a dormant member, shall cease to be a member of such previous fund as from the fixed date or to be a dormant member, and shall, except in respect of any amount which was due by him to such previous fund immediately before the fixed date, be released from all obligations towards, and shall relinquish all rights and privileges in respect of, such

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(xii) „Regerings-werknemersondersteuningsfonds" die fonds bedoel in artikel 2 (3) van die Regeringsdienspensioenwet, 1965 (Wet No. 62 van 1965); (vi)

(xiii) „Regering" die Regering van die Republiek en ook 'n provinsiale administrasie; (v)

(xiv) „regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig is; (xv)

(xv) „rustende lid" 'n rustende lid soos omskryf in regulasie 1 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R.652 van 25 April 1969; (iii)

(xvi) „Sekretaris" die Sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene; (xviii)

(xvii) „Tesourie" die Minister van Finansies of 'n beampte in die Departement van Finansies wat kragtens sy gesag optree; (xxi)

(xviii) „vasgestelde datum" die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet; (iv)

(xix) „voordeel" 'n bedrag geld; (ii)

(xx) „voorskryf" by regulasie voorskryf; (xiii)

(xxi) „vorige fonds" die Pensioenfonds vir Nie-blanke Regeringswerknemers of die Regerings-werknemersondersteuningsfonds; (xiv)

(xxii) „weduweespensioen" 'n jaargeld kragtens hierdie Wet aan 'n weduwee betaalbaar. (xxii)

Beëindiging van vorige fondse, en oordrag van bates, regte en verpligtinge.

2. Vanaf die vasgestelde datum—

(a) hou elke vorige fonds op om te bestaan;

(b) word die Fonds gekrediteer met alle bedrae waarmee 'n vorige fonds onmiddellik voor bedoelde datum gekrediteer is;

(c) word alle regte en verpligtinge, bestaande sowel as toekomende, van 'n vorige fonds die regte en verpligtinge van die Fonds;

(d) word 'n verwysing in enige wet na 'n vorige fonds uitgelê as 'n verwysing na die Fonds.

Instelling van Fonds.

3. (1) Daar word vanaf die vasgestelde datum 'n fonds ingestel met die naam die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers.

(2) Die Fonds bestaan uit—

(a) die bedrae wat ingevolge artikel 2 op die Fonds oorgaan of wat uit hoofde van daardie artikel aan die Fonds betaal word;

(b) die bedrae wat lede ingevolge die regulasies aan die Fonds betaal;

(c) die bedrae wat aan die Fonds uit inkomste betaal word;

(d) enige ander bedrae waarmee die Fonds van tyd tot tyd gekrediteer moet word.

Voortsetting en konsolidasie van sekere voordele.

4. (1) Indien iemand onmiddellik voor die vasgestelde datum 'n jaargeld wat ingevolge 'n herroepe Wet uit 'n vorige fonds of uit inkomste of gedeeltelik uit 'n vorige fonds en gedeeltelik uit inkomste betaalbaar was, en 'n toelae of bonus wat ingevolge artikel 8 van die Algemene Pensioenwet, 1979 (Wet No. 29 van 1979), betaalbaar was, ontvang het, word sodanige jaargeld, toelae en bonus, behoudens die bepalings van hierdie Wet, vanaf die vasgestelde datum in een bedrag gekonsolideer en word bedoelde gekonsolideerde bedrag vanaf die vasgestelde datum in die plek van sodanige jaargeld, toelae en bonus, as 'n jaargeld (in hierdie artikel 'n gekonsolideerde jaargeld genoem) uit en ten laste van die Fonds aan daardie persoon betaal.

(2) By die afsterwe van 'n pensioentrekker aan wie 'n gekonsolideerde jaargeld betaalbaar is, word daar aan sy weduwee 'n weduweespensioen soos voorgeskryf, betaal.

Lidmaatskap van Fonds.

5. (1) Iemand wat onmiddellik voor die vasgestelde datum 'n lid van 'n vorige fonds of 'n rustende lid was, hou vanaf die vasgestelde datum op om 'n lid van sodanige vorige fonds of 'n rustende lid te wees en word, behalwe ten opsigte van 'n bedrag wat onmiddellik voor die vasgestelde datum deur hom aan sodanige vorige fonds verskuldig was, onthef van alle verpligtinge teenoor, en doen afstand van alle regte en voorregte ten opsigte

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

previous fund and shall, except in the case of a member referred to in section 6, become a member of the fund with effect from the fixed date and shall as from the fixed date contribute to the Fund as prescribed.

(2) As from the fixed date every person who is not in terms of any law liable to contribute to a pension or provident fund which is administered by or under the control of the Minister and who—

(a) is in the employment of the Government or is appointed therein or transferred thereto;

(b) is a member of any group or category of persons approved by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance as a group or category for the purposes of membership of the Fund;

(c) complies with the prescribed requirements,

shall become a member of the Fund and contribute thereto.

Benefits to dormant members who cannot become members of the Fund.

6. (1) Any person who immediately before the fixed date was a dormant member and was then liable to contribute to any pension or provident fund, except a previous fund which is administered by or under the control of the Minister, shall on that date cease to be such a member.

(2) A full benefit, as defined in regulation 1 of the regulations promulgated by Government Notice No. R.652 of 25 April 1969, shall be paid to a person referred to in subsection (1), as if he had retired as from the fixed date.

Delegation.

7. (1) The Minister may delegate to the Secretary or any officer in the Department of Social Welfare and Pensions any of the powers conferred upon the Minister by this Act except the power conferred by section 8, and may authorize the Secretary or such an officer to perform any of the functions or to carry out any of the duties which are assigned to or imposed upon the Minister by this Act.

(2) The Secretary may with the approval of the Minister delegate to any officer in that Department any of the powers conferred upon the Secretary by this Act and may with such approval authorize any such officer to perform or carry out any function or duty assigned to or imposed upon the Secretary by this Act.

Regulations.

8. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law the Minister may make regulations relating to—

(a) the management and control of the Fund;

(b) the payment of contributions to the Fund and the payment of annuities and benefits from the Fund to or in respect of members on their retirement, discharge, resignation or death;

(c) any matter required or permitted to be prescribed by this Act;

and generally for the better achievement of the objects and purposes of this Act.

(2) Without prejudice to the generality of the provisions of subsection (1) such regulations may—

(a) prescribe the conditions subject to which and the rate at which members shall contribute to the Fund, and the times at which and the manner in which such contributions or any amounts which are payable to the Fund in terms of this Act, shall be deducted from the pensionable emoluments of members and paid to the Fund;

(b) prescribe the circumstances in which and the basis and conditions subject to which any period which is not a period of pensionable service may be reckoned as pensionable service and the amount, including interest, which shall be paid to the Fund in respect of such period by the member concerned or any other person or from

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

van, sodanige vorige fonds en word, behalwe in die geval van 'n lid in artikel 6 bedoel, met ingang van die vasgestelde datum 'n lid van die Fonds en dra vanaf die vasgestelde datum soos voorgeskryf tot die Fonds by.

(2) Vanaf die vasgestelde datum moet elke persoon wat nie ingevolge 'n wet onder 'n verpligting is om tot 'n pensioen- of voorsorgfonds wat deur of onder beheer van die Minister bestuur word, by te dra nie en wat—

(a) in diens van die Regering is of daarin aangestel word of daarheen oorgeplaas word;

(b) 'n lid is van enige groep of kategorie persone deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies goedgekeur as 'n groep of kategorie vir die doeleindes van lidmaatskap van die Fonds;

(c) aan die voorgeskrewe vereistes voldoen;

'n lid van die Fonds word en daartoe bydra.

Voordele aan rustende lede wat nie lede van die Fonds kan word nie.

6. (1) Iemand wat onmiddellik voor die vasgestelde datum 'n rustende lid was en toe onder verpligting was om tot 'n pensioen- of voorsorgfonds, uitgesonderd 'n vorige fonds, wat deur of onder beheer van die Minister uitgevoer word, by te dra, hou op daardie datum op om so 'n lid te wees.

(2) 'n Volle voordeel, soos omskryf in regulasie 1 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R.652 van 25 April 1969 word aan iemand in subartikel (1) vermeld, betaal asof hy vanaf die vasgestelde datum uit diens getree het.

Delegering.

7. (1) Die Minister kan aan die Sekretaris of 'n beampte in die Departement van Volkswelsyn en Pensioene enige van die bevoegdhede delegeer wat by hierdie Wet aan die Minister verleen word, uitgesonderd die bevoegdheid by artikel 8 verleen, en kan die Sekretaris of so 'n beampte magtig om enige van die werksaamhede te verrig of enige van die pligte uit te voer wat by hierdie Wet aan die Minister opgedra of opgelê word.

(2) Die Sekretaris kan met die goedkeuring van die Minister aan 'n beampte in daardie Departement enige van die bevoegdhede delegeer wat by hierdie Wet aan hom verleen word, en kan met sodanige goedkeuring so 'n beampte magtig om enige werksaamheid of plig uit te voer en te verrig wat by hierdie Wet aan die Sekretaris opgedra of opgelê word.

Regulasies.

8. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan die Minister regulasies uitvaardig betreffende—

(a) die bestuur en beheer van die Fonds;

(b) die betaling van bydraes aan die Fonds en die betaling van jaargelde en voordele uit die Fonds aan of ten opsigte van lede by hul uitdienstreding, ontslag, bedanking of afsterwe;

(c) enige ander aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;

en oor die algemeen vir die beter verwesenliking van die oogmerke en doeleindes van hierdie Wet.

(2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemene aard van die bepalings van subartikel (1) kan bedoelde regulasies—

(a) die voorwaardes waarop en die koers waarteen lede tot die Fonds moet bydra, en die tye wanneer en die wyse waarop sodanige bydraes of enige bedrae wat ingevolge hierdie Wet aan die Fonds betaalbaar is, van lede se pensioengewende verdienste afgetrek en aan die Fonds oorbetaal moet word, voorskryf;

(b) die omstandighede waarin en die grondslag en voorwaardes waarop 'n tydperk wat nie 'n tydperk van pensioengewende diens is nie, as pensioengewende diens gereken kan word en die bedrag, met inbegrip van rente, wat ten opsigte van sodanige tydperk aan die Fonds deur die betrokke lid of iemand anders of uit inkomste betaal moet word, en die tye wanneer en wyse

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

revenue, and the times at which and the manner in which such amount shall be so paid;

(c) prescribe the circumstances in which and the basis and conditions on which a member of the Fund may be transferred to any other pension fund or provident fund referred to in the regulations as a member of such other pension fund or provident fund or in which or on which a member of any such other pension fund or provident fund may be transferred to the Fund as a member, and the amount, including interest, which shall be paid from or to the Fund by the member concerned, the other pension fund or provident fund or the Fund in respect of such transfer, and the manner in which such amount shall be calculated and paid;

(d) determine the contributions, interest or other amounts which shall or may be paid to the Fund from revenue, and the circumstances in which and the basis and conditions on which and the manner in which the said contributions, interest or other amounts shall be calculated and shall or may be paid to the Fund;

(e) determine the annuities or benefits payable from the Fund to members or their widows or dependants or the prescribed persons in respect of the pensionable service of members in the prescribed cases or categories of cases, and the manner in which such annuities or benefits shall be calculated and the times at which and the manner in which such annuities or benefits shall be paid;

(f) provide for the investment of amounts standing to the credit of the Fund;

(g) provide for the conditions on which a member who is seconded to employment in respect of which he is not liable to contribute to the Fund may continue to contribute to the Fund and receive an annuity or benefit from the Fund;

(h) determine formulae or provide for the approval by the Minister of formulae for the calculation of benefits or other prescribed amounts;

(i) provide for the exercise or performance by the Secretary, the Treasury or the Public Service Commission, of such powers or functions as the Minister may deem necessary for the achievement of the objects of this Act.

(3) Notwithstanding the provisions of subsections (1) and (2) the regulations made thereunder may provide that any annuity which is payable thereunder may be supplemented by an amount which the Minister may from time to time determine in consultation with the Minister of Finance in a written notice to the Secretary, or that such annuity shall in a specified case not be less than an amount so determined.

(4) Different regulations may be made under this section in respect of members who belong to different categories.

(5) Any regulation, except a regulation which amends existing regulations and increases the rate at which members shall contribute to the Fund or reduces the amount of an annuity payable from the Fund, may be made with retrospective effect.

(6) Regulations made under this section shall be made by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance and after consultation with the Minister of the Interior and Immigration and the Minister of Posts and Telecommunications.

Repeal of laws.

9. The Government Service Pensions Act, 1965 (Act No. 62 of 1965), the Government non-White Employees Pensions Act, 1966 (Act No. 42 of 1966), and section 8 of the Black Education Account Abolition Act, 1972 (Act No. 20 of 1972), are hereby repealed.

Short title and commencement.

10. This Act shall be called the Temporary Employees Pension Fund Act, 1979, and shall come into operation on a date to be fixed by proclamation by the State President in the *Gazette*.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

waarop sodanige bedrag aldus betaal moet word, voorskryf;

(c) die omstandighede waarin en die grondslag en voorwaardes waarop 'n lid van die Fonds na 'n in die regulasies bedoelde ander pensioenfonds of voorsorgfonds as 'n lid van sodanige ander pensioenfonds of voorsorgfonds oorgeplaas kan word of waarin of waarop 'n lid van so 'n ander pensioenfonds of voorsorgfonds na die Fonds as lid van die Fonds oorgeplaas kan word, en die bedrag, met inbegrip van rente, wat uit of aan die Fonds deur die betrokke lid, die ander pensioenfonds of voorsorgfonds of die Fonds ten opsigte van so 'n oorplasing betaal moet word en die wyse waarop so 'n bedrag bereken en betaal moet word, bepaal;

(d) die bydraes, rente of ander bedrae wat uit inkomste aan die Fonds betaal moet of kan word en die omstandighede waarin en die grondslag en voorwaardes en die wyse waarop bedoelde bydraes, rente of ander bedrae bereken moet word en aan die Fonds oorbetaal moet of kan word, bepaal;

(e) die jaargelde of voordele wat aan lede of hul weduwees of afhanklikes of die voorgeskrewe persone uit die Fonds ten opsigte van lede se pensioengewende diens in die voorgeskrewe gevalle of kategorieë gevalle betaalbaar is, en die wyse waarop sodanige jaargelde of voordele bereken moet word en die tye wanneer en die wyse waarop dit betaal moet word, bepaal;

(f) voorsiening maak vir die belegging van bedrae wat in die kredit van die Fonds staan;

(g) voorsiening maak vir die voorwaardes waarop 'n lid wat afgestaan word vir diens ten opsigte waarvan hy nie onder 'n verpligting staan om tot die Fonds by te dra nie, kan voortgaan om tot die Fonds by te dra en 'n jaargeld of voordeel uit die Fonds kan ontvang;

(h) formules voorskryf of voorsiening maak vir die goedkeuring deur die Minister van formules vir die berekening van voordele of ander voorgeskrewe bedrae;

(i) voorsiening maak vir die uitoefening of verrigting deur die Sekretaris, die Tesourie of die Staatsdienskommissie van die bevoegdhede of werksaamhede wat die Minister vir die verwesenliking van die oogmerke van hierdie Wet nodig ag.

(3) Ondanks die bepalings van subartikels (1) en (2) kan die regulasies daarkragtens uitgevaardig bepaal dat 'n jaargeld wat daarkragtens betaalbaar is, aangevul kan word met 'n bedrag wat die Minister van tyd tot tyd in oorleg met die Minister van Finansies in 'n skriftelike kennisgewing aan die Sekretaris bepaal, of dat sodanige jaargeld in 'n bepaalde geval nie minder as 'n aldus bepaalde bedrag mag wees nie.

(4) Verskillende regulasies kan kragtens hierdie artikel ten opsigte van lede wat tot verskillende kategorieë behoort, uitgevaardig word.

(5) 'n Regulasie, uitgesonderd 'n regulasie wat bestaande regulasies wysig en die koers verhoog waarteen lede tot die Fonds moet bydra of die bedrag van 'n jaargeld wat betaalbaar is uit die Fonds verminder, kan met terugwerkende krag uitgevaardig word.

(6) Regulasies kragtens hierdie artikel uitgevaardig, word deur die Minister uitgevaardig met die instemming van die Minister van Finansies en na oorlegpleging met die Minister van Binnelandse Sake en Immigrasie en die Minister van Pos- en Telekommunikasiewese.

Herroeping van wette.

9. Die Regeringsdienspensioenwet, 1965 (Wet No. 62 van 1965), die Wet op Pensioene vir Nie-blanke Regeringswerknemers, 1966 (Wet No. 42 van 1966) en artikel 8 van die Wet op die Afskaffing van die Swart Onderwysrekening, 1972 (Wet No. 20 van 1972), word hierby herroep.

Kort titel en inwerkingtreding.

10. Hierdie Wet heet die Wet op die Pensioenfonds vir Tydelike Werknemers, 1979, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.